**Elizabeth Johnson, C S J with Susan Rakoczy, I H M 1997 – Who do you say that I am? Introducing contemporary Christology**

Pietermaritzburg: Cluster Publications. 92 bladsye. Prys: Onbekend.

**Resensent: Prof I W C van Wyk (Hervormde Teologiese Opleiding)**

Hierdie boekie is geskryf deur twee vroue teoloë, te wete C S J Elizabeth Johnson wat mede-professor in teologie is aan die Fordham Universiteit in New York en I H M Susan Rakoczy wat 'n lektrise is in sistematiese teologie en spiritualiteit aan die St Joseph's Theological Institute in Cedara, Kwazulu-Natal. Beide van hierdie vroue het alreeds talle publikasies opgelewer oor veral feministiese teologie.

Soos wat die titel duidelik aandui, word die kontemporêre Christologie kortliks aan ons voorgestel. Die inhoud is in nege hoofstukke verdeel. In hoofstuk 1 het ons 'n baie kort oorsig oor die tradisie. In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan die Bybelse Christologie (1e eeu), die patristiese Christologie (2e tot 7e eeue), die Middeleeuse Christologie (11e tot 16e eeue), en die moderne Christologie (19e en 20e eeue). Hoofstuk 2 handel oor die humaniteit van Jesus. Hier word aandag gegee aan Jesus se menslike en Goddelike nature, asook die problematiek van die eenheid van hierdie twee nature. Hoofstuk 3 het die opskrif: "Jesus se selfbewussyn". Hier kry ons 'n oorsig oor die debat in die Rooms-Katolieke Kerk in die vyftiger- en sestiger jare oor Jesus se kennis aangaande Homself. Hierdie nuwe debat oor Chalcedon is moontlik nie so goed aan ons as Protestante bekend nie. Hierdie hoofstuk bied aan ons in eenvoudige taal die grondproblematiek waarmee geworstel is. Hoofstuk 4 handel oor die geskiedenis van Jesus – sy prediking, optrede, verhouding met God, dood, opstanding en verhouding met sy dissipels. Vanaf hoofstuk 5 word daar oorgegaan tot die daarstelling van die eietydse Christologieë. Hoofstuk 5 handel oor die bevrydingsteologie. Daar word gekyk na die kenmerke, die metode en die Jesusbeeld van hierdie teologie. Hoofstuk 6 neem weer die feministiese Christologie onder die loep. Ons word insae gegee in die verskillende tipes, die kenmerke en analises wat gemaak word. Feministiese teologie as bevrydingsteologie kry ook die nodige aandag. Hoofstuk 7 handel oor die moeilike vraagstuk van God en lyding. Nadat die agtergrond van die problematiek geskets is, word daar gekyk na die voorstelle van Jürgen Moltmann en Edward Schillebeeckx ter oplossing van hierdie problematiek. Hoofstuk 8 behandel die lastige probleem van die universaliteit van Christus se reddingswerk. Die moderne vraagstellings of Jesus redder is van alle mense, en of Hy die redder is van die ganse kosmos, word behandel. In die negende en laaste hoofstuk kry ons 'n oorsig oor die moderne Afrika Christologieë. Die probleme van die tradisie, inkulturasie, bevryding en feminisme word behandel.

Hierdie boekie is deur Rooms-Katolieke geskryf. Vanselfsprekend handel dit grootliks oor die antwoorde wat Rooms-Katolieke teoloë op bepaalde probleme gegee het. Dit beteken egter nie dat die inhoud vir ons irrelevant is nie. Trouens – dit is alles uiters relevant, aangesien ons met presies dieselfde probleme worstel. Die prikkelende van hierdie boekie is juis die besef waartoe 'n mens weer gebring word dat teo-logie ekumenies is, en eintlik net ekumenies kan wees (sonder dat daarmee gesê word dat daar nie kon-fessionele standpunte kan wees nie) indien dit met die grondvrae van die geloof wil worstel.

Die bedoeling van hierdie boekie is om aan ons 'n oorsig te gee oor die worsteling met die Christologie sedert 1951, die herdenkingsjaar van Chalcedon. Karl Rahner, die grootste Roomse teoloog van hierdie eeu, het in daardie jaar daarop gewys dat Christologie nie net daaruit kan bestaan om die besluite van die verlede te herhaal nie, maar om op grond van die besluite van die verlede aandag te gee aan die hedendaagse problematiek en onduidelikhede. Hierdie "hedendaagse problematiek" is universeel. Dit gaan terug na drie groot veranderinge wat in die moderne wêreld ingetree het, naamlik: (a) die beklem-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

toning van die menslike subjek in die geskiedenis sedert Kant, (b) die groot negatiewe ervarings as gevolg van die wêreldoorloë, en (c) die bewuswording van die interafhanklikheid en ineengestrengeldheid van die verskillende wêrelde. Hierdie groot veranderinge in die wêreld het meegebring dat daar nuwe teologiese vrae gestel word. Daar word byvoorbeeld gevra na Jesus se selfbewussyn. Daar word gevra of God self ook ly en kan ly – want, indien Hy nie kan nie, is Hy vir die moderne mens 'n demoon. Daar word gevra of Christus se reddingswerk ook mense van ander godsdienste insluit – en indien dit nie die geval is nie, wat word dan van al die miljoene mense waarvan ons weet.

Hierdie boekie het ook ten doel om verder aan ons helderheid te gee oor die agtergronde van die opkoms van die bevrydingsteologieë en die Afrika-Christologie. Ek dink dat juis die gebrek aan kennis en insig oor waar 'n bepaalde teologie vandaan kom, ons in die Nederduitsch Hervormde Kerk dikwels noop om 'n klomp sinnelose stof op te skop. Ek meen dat studente en predikante hierdie 92 bladsye gerus maar kan lees. Die groot rede: hier word op 'n eenvoudige manier verduidelik wat agter die groot Christologiese debatte sedert 1951 lê. Hier word op 'n eenvoudige en duidelike manier gesê wat die kerk (nie net die Rooms-Katolieke Kerk) kan glo en wat nie geglo kan word nie – en wat die redes daarvoor is.